HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Hierdie is die laaste nuusbrief vir die kwartaal en ons bedank elke ouer, leerder en onderwyser vir hulle bydrae tot die sukses wat Hoërskool Fichardtpark tot dusvêr beleef het.

KUNSWEDSTRYD: A SIMBOLE EN HOëR

Vivienne Lombard:	Klavier – A
Charné Griessel:	Viool – A
Mia Coetzer:	Klavier en saksofoon A en A+
Marco Huygen:	Sang – A en A+ en A++
Mev Jaqu-Lize Marais:	Koor volwasse afdeling A++
Mej Lise-Mari Otto:	Koor volwasse afdeling A++
Kamerkoor:	A en A+

JKS KARATE

Geluk aan Francois van Zyl en Charl van Zyl wat gekies is vir die Suid-Afrikaanse karate span wat na Ierland toer.

CHEERLEADERS

Die Cheerleaders is Saterdag, 18 Mei tydens die provinsiale kampioenskappe vir die 8ste agtereenvolgende keer as die “Champs of Champs” aangewys.

ALGEMEEN

Elke leerder het ‘n dokument met eksamenreëlings ontvang.

Dankie vir ouers en leerders wat ons Rugby-raai Kompetisie so mooi ondersteun.

Ouers moet daarop let dat die skool vanaf 23 Mei 12:00 verdaag. Daar is wel in sommige gevalle eksamensessies wat in die middae plaasvind.

BAIE GELUK MET DIE VOLGENDE UITSLAE EN PRESTASIES

Hokkie

o/14A Seuns gelykop 3-3 vs. St. Andrews A
o/14B Seuns gelykop 4-4 vs. St. Andrews B
o/16A Dogters gelykop 2-2 vs. Oranje B
o/14A Seuns wen 8-1 vs. Jim Fouché o/14B
o/18B Dogters wen 1-0 vs. Sentraal o/18B

Landloop

Geluk met die Interprovinsiale kampioenskappe:

- Mianda Nel 2de (D o/16)
- Lize Ackerman 4de (D o/14)
- Willie Volschenk 10de (S o/14)

Prysskiet by Sentraal

Seniors – Brons: Hestine Bosch
o//16 – Goud: Hanro Pienaar
o/14 – Goud: Ian Vorster
Brons: Tiaan Blom

PROVINSIALE RUGBY

Baie sterkte aan die volgende rugbyseuns wat Saterdag in die finale Vrystaatproewe in Welkom teen die Griffons speel.

o/16 Vyftiental:	Jandré van der Merwe
o/17	Morkel Terblanche
	Jeff Porota
	Davin Groenewald
	Zandro Smit
	Matthew Kitching
	Lohan van Wyk
o/19 Arende:	JJ Coetzer
	Francois Bester
	Reno Kok
	Clement Roodt
	Nicolas Du Buisson
	JJ van der Walt
	Christian Jonker
	Reagan Maartens

ATKV-REDENAARS

Baie geluk aan Susan Fowler (Junior Afdeling) en Nandi Roodt (Senior afdeling) wat deurgedring het na die semi-finale van die ATKV-Redenaars wat 31 Mei en 1 Junie in Kroonstad plaasvind.

BREI / HEKEL VIR LIEFDADIGHEID EN VIR JOU SKOOL

Radio Rosestad loods ‘n projek om blokkies te laat brei / hekel ten bate van ‘n liefdadigheidsorganisasie.

Brei / hekel met enige grootte breipen of hekelnaald en enige dikte of tipe wol. Die grootte van die blokkie moet 15cm x 15cm wees.

Vir die leerders / ouers wat reeds begin brei het aan die blokkie van 49 steke en 49 rye kan so aangaan.

Indien u die wol self kan aankoop sal dit opreg waardeer word, ons het beperkte hoeveelheid wol by Radio Rosestad gekry, u leerder kan by Me Griessel die wol gaan afhaal terwyl daar nog voorraad is.

U kan selfs wol skenk en by die skool afgee.

Die skool wat die meeste brei / hekel kry ‘n R5000 Rosestad bemarkingspakket. Die leerder wat die meeste brei / hekel kry ‘n R1000 geskenkpak.

Die projek duur tot die 9de Julie.

Span sommer die vakansie vir ouma en tannies in om die projek ‘n groot sukses te maak.

FICHIE-GROETE